DR. C. J. GOSLINGA, *Het boek Jozua*, opnieuw uit die grondtekst vertaald en verklaard. (Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling), derde druk, J. H. Kok, N.V., Kampen 1955, 199 pp., 12/-.

Die groen deeltjies van de „Korte Verklaring" word gereeld en stelselmatig in herdrukke op die mark gebring; die bruin deeltjies van „Tekst en Uitleg", vir die oorgrote deel reeds jarelank uitverkoop, moet om herdruk te word wag op die voltooiing van die serie. Dis 'n uiters onbevredigende toestand, waardeur die groenes, wat internasionaal lank nie die kenning van die bruines verwerf het nie, nogtans instaat is om hulle te verdring.

Die herdruk van die „Korte Verklaring" beteken gewoonlik ook 'n bywerking, dikwels selfs amper 'n omwerking. Dit moet geprys word: in die laaste 25 jaar is spesiaal op die gebied van argeologie en geskiedenis soveel gewigtigs ontdek, dat dit onmoontlik is om 'n Bybelkommentaar ongewysig te laat herdruk. So het ook die outeur van die deel oor Josua rekening gehou met nuwere publikasies, bv. oor Jerigo. Dit moet dus wel 'n teleurstelling vir hom wees om te verneem, dat Garstang se datering van die mure van Jerigo deur die voortgesette ondersoek daar volkome onjuis gebleke is. Daarmee het die laaste redelike argument vir die in Gereformeerde kringe amper „kanonieke" datering van die intog in die vyftiende eeu verval, en staan net nog die wet van die traagheid die aanvaarding van die datering in die dertiende eeu in die pad.

Die wet van die traagheid: die gedagte daaraan hoef ons nie moedeloos te maak nie. In hierdie druk het die skrywer, wat in die vorige drukke die outeurskap van Josua met klem verdedig het, sy posisie gewysig, en die gedagte aan Josua as skrywer van die boek losgelaat. Nou heet dit: „Het gezag van een Bijbelboek berust immers niet daarop, dat het door een der

grote, ons met name bekende figuren geschreven is . . . maar daarop dat het door de Heilige Geest is ingegeven." Ons verheug ons oor die groei van insig by die Gereformeerdes, maar ons vra ons tog ook af of dit dan nodig was om eers sewentig jaar lank die „c r i t i c i " te verketter.

Die topografiese gegewens in Josua word hier heel wat minder aandagtig behandel as by De Groot of Noth, twee voorgangers waar die outeur op dogmatiese gronde nogal dikwels mee polemiseer.

A.v.S.